

## PLAASINLICHTING

LIGGING: 1 Harrismith en 2 Parys, Vrystaat

NAAM: Grootdraai (hoofplaas)

EIENAARSKAP: Familieboerdery

VERTAKKINGS: Bonsmarastoetery, kommersiële beeskudde, voerkraal, saaiery, aartappels en appels.

VELDTIPE: Suurveld


GEMIDDELDE REËNVAL: 680 mm per jaar

HOOGTE BO SEEVLAK: 1625 m tot 1885 m

## KORTOM

- Sy speenkalwers pas self op die veld aan voordat hulle na die plaasvoerkraal gaan om meer waarde toe te voeg. Dit verhoog die wins met 10-15%.
- Die hoofdoelwit is om teen winsgewende marges te teel en die mark healtyd te lees om te bepaal wanneer dit dalk winsgewender is om speenkalwers te verkoop as om hulle te voer.
- Daar sit méér agter beesboerdery as blote syfers en dit gaan vir hulle eerder oor volhoubaarheid as oor 'n uitsonderlike kalf- en speenpersentasie.

Koeie met kalwers by 'n dam. Die boerdery handhaaf 'n gemiddelde speensyfer van 89% in al die kuddes, waaronder stoet-, kommersiële en eerstekalkkoeie. FOTO: NELIUS FERREIRA



Mnr. Nelius Ferreira by sy jong bulle wat volgende jaar verkoop gaan word. Die familieboerdery bestaan uit beeste en 'n verskeidenheid kontantgewasse. FOTO: CHARL VAN ROOYEN

blote syfers. Dit gaan vir ons eerder oor volhoubaarheid op lang termyn. Ons praat dus eerder oor gemiddeldes. Daar is nie net goeie en swak jare nie, maar ook verskillende fases in 'n boerdery wat alles 'n rol speel en die syfers beïnvloed.

“In 'n swak jaar kan die kalf- en speenpersentasie byvoorbeeld laer as in 'n goeie reënjaar wees. 'n Mens moet ook in aanmerking neem of die boerdery nog in 'n groeifase is en of dit reeds gestabiliseer het,” sê hy.

Hy handhaaf nietemin 'n gemiddelde speensyfer van 89% in al die kuddes, waaronder stoet-, kommersiële en eerstekalkkoeie.

“Ons jaag nie 'n buitengewoon hoë speenpersentasie na nie, want dit is baie bestuurs- en voedinggedrewe. Uiteraard moet jy diere van hoë gehalte aanhou. **Ek sê altyd as jy baie geld het om uit te gee, sal jy met enige groep koeie 'n hoë speenpersentasie kry. Dit gaan meer daaroor om koeie aan te hou wat op die beskikbare voeding presteer.** Ons belaa ons natuurlike weiding teen 2,88 grootvee-eenhede (GVE) per hektaar. Sodoende pas ons natuurlike seleksiedruk toe.”

Die vrugbare, aangepaste koeie handhaaf die beste reproduksie. As die aangeplante weiding en oesreste ingesluit word, is die belading sowat 3,2 GVE/ha.

## WINSGEWENDE MARGES

Nelius se hoofdoelwit is om teen winsgewende marges te teel. Hulle kyk nie na skoustandaarde nie – die Bonsmaras skou immers nie – en sê 'n kampioenskoubul is nie noodwendig 'n goeie teler en voordeel vir 'n bepaalde ras nie. Nelius kyk eerder na hoeveel nageslag 'n bul geteel het, hoe produktief daardie nageslag is en hoe konstant die bul sy goeie eienskappe aan sy nageslag oordra.

Hulle voer soms hul speenkalwers self; ander kere verkoop hulle dit eerder as die speenkalfprys baie hoog is, soos nou die geval is waar hulle méér as R40/kg lewende gewig gekry het.

## LBW VRA ...

### MNR. NELIUS FERREIRA

#### WAT WAS JOU BESTE BESLUIT NOG?

Om net ná my studie plaas toe te gaan om by die familiebesigheid betrokke te raak.

#### WIE WAS JOU MENTOR?

My pa. Hy het my geleer om hard te werk en alles met integriteit aan te pak.

#### WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY GEKRY HET?

Alle probleme het oplossings, maar jy sal niks oplos met 'n negatiewe benadering nie.

#### WAT IS DIE GROOTSTE BOERDERY-FOUT WAT JY GEMAAK HET?

Om nie die regte mense in diens te neem nie. Op alle vlakke maak mense in ons besigheid vandag 'n groot verskil.

#### WAT IS JOU GROOTSTE PROBLEME?

Die wisselvallige weerpatrone en die mededingende omgewing waarin ons ons landbouprodukte moet bemark, terwyl ons prysnemers is.

#### WATTER TEKNOLOGIE IS ONMISBAAR?

Betroubare, vinnige toegang tot die internet.

“Ons kry 'n goeie premie op ons kalwers. Ons lees die hele tyd die mark. Die doelwit is om gemiddeld 10-15% waarde toe te voeg.”

Nog iets wat hulle in ag neem, is diere se genetiese vermoë om voer doeltreffend in vleis om te skakel. Nelius sê sulke diere ▶

